Vakature: **Diensleraar: Termyn bepaalde Deeltydse kontrak**
(12 Maande | 26 ure per week)

Gemeenteprofiel
Die NG gemeente Pearston is ’n klein plattelandse Karoo gemeente wat vir mekaar omgee en sorg. Die Gemeente het ‘n behoefte om uit te reik na mekaar en die gemeenskap. Die dorp is geleë 46km vanaf Somerset-Oos; 77km vanaf Graaff-Reinet; 66km (Grondpad) of 110km (teerpad) vanaf Jansenville.

Leraarsprofiel
Die Gemeente is opsoek na ‘n geestelike voorganger wat met woord en daad die voorbeeld sal stel. Die persoon moet in staat wees om die gemeente saam op reis te neem in die werksaamhede van die kerk. Die persoon moet ‘n sterk pastorale aanslag hê wat huis-/sieke besoeke, woordverkondiging, en barmhartige uitreik na die gemeenskap sal bevorder.

Opdrag
Artikel 9 van die Kerkorde soos ooreengekom met die kerkraad, met ‘n spesifieke fokus op pastoraat en woordverkondiging.

Vergoeding en Termyn
Die deeltydse termyn bepaalde pos word proporsioneel bereken. Die deeltydse komponent behels ’n gemiddelde 26 uur werkweek (uiteensetting van pligte kan aangevra word). Die allesinsluitende vergoedingspakket beloop R200 000 per jaar (TKVI) en kan na wense met inagneming van wetgewing gestruktureer word. ‘n Voertuig vir gemeentelike gebruik word verskaf.

Die termyn word vir 12 maande bepaal, met die moontlikheid om te verleng indien beide partye daartoe instem.

Indiensneming vind 1 Maart 2025 plaas of so spoedig moontlik daarna.

Aansoeke
Stuur u CV insluitende name van referente, nie langer as drie A4-bladsye nie, met onderwerp “Aansoek: NAAM & VAN”, aan: ngpearston@gmail.com

Sluitingsdatum: 31 Januarie 2025

Rig navrae aan:

1. Ouderling: Mnr. Jannie Barnard, selfoon 082 875 1324.
2. Skriba: Me Amanda Chowels, selfoon 083 650 7072
3. Konsulent: Ds. Ruan Nieuwenhuizen, selfoon 082 562 6451.

Die kerkraad behou die reg voor om nie ’n aanstelling uit die aansoekers te maak nie.